# Boek 2, Homilie 4, Deel 1:
# 'n Homilie oor Goeie Dade en veral oor Vas.

## Inleiding

Die lewe op hierdie Aarde, goeie Christelike mense, is deur die guns van GOD verniet aan ons verleen, maar nie om dit na ons eie begeertes en vleeslike wil te gebruik nie. Ons moet dit eerder benut vir daardie werke wat pas by diegene wat nuwe skepsels in Christus geword het. Hierdie werke noem, Paulus, goeie werke en sê: "Ons is immers sy maaksel, geskep in Christus Jesus om goeie werke wat GOD voorberei het, te doen, en daarvolgens te leef." (Efesiërs 2:10). Hy bedoel nie dat ons op ons werke moet vertrou vir vergifnis of die ewige lewe nie. Dit sou lasterlik teenoor GOD se barmhartigheid wees en ernstige afbreuk aan Jesus Christus se opoffering doen. Dit is gratis deur die genade en barmhartigheid van GOD, d.m.v. die bloed van sy Seun Jesus Christus – sonder meriete of lone van ons kant af – dat ons sondes vergewe kan word. Sodat ons sy guns kan terugkry en erfgename van Sy hemelse koninkryk kan word.

Figuur  SEQ Figuur * ARABIC 1: Augustinus van Hippo was 'n teoloog en filosoof wat in Noord-Afrika geleef het. Hy was ‘n biskop en 'n belangrike skrywer. Hy word beskou as een van die belangrikste Kerkvaders van die vroeë Latynse Kerk.

Genade (sê S. Augustine) is iets wat aan GOD behoort; Hy roep ons, en as iemand genade ontvang het, dan het hy goeie werke, (Augustinus, 'De Diver. Questio. ad Simpli.', bk. 1, vraag 28). Goeie werke bring dan nie genade voort nie, maar word deur genade voortgebring. Die wiel, sê hy, draai nie om rondgemaak te word nie, maar draai omdat dit *reeds* rondgemaak is. Mens doen nie goeie werke om genade daardeur te kry. Hulle doen dit omdat hulle alreeds genade ontvang het, en as gevolg daarvan doen hulle goeie dinge. En elders, sê hy, goeie werke word nie gedoen deur hom wat later geregverdig sal word nie, maar goeie werke volg later wanneer 'n mens geregverdig is.

Paulus leer ons om goeie werke te doen vir verskeie redes:

1. Om te bewys dat ons gehoorsame kinders aan ons hemelse Vader is, wie goeie werk ingestel het – en dus, daarin kan lewe.
2. Dit is ‘n goeie verklaring en getuienis van ons regverdigheid.
3. Sodat ander, as hulle ons goeie werke sien, deur dit aangemoedig kan word om ons hemelse Vader te dien.

Laat ons nie lui wees om goeie dinge te doen nie, omdat GOD wil hê ons moet daarin lewe. Ons moet ook seker wees dat elkeen wat werk in ware geloof, uiteindelik 'n beter beloning van GOD sal kry as wat sy werke verdien.

Omdat ons nou van een spesifieke goeie werk gaan praat, wat deur beide die Wet en die Evangelie aanbeveel word, wou ek net dit alles noem vir twee redes:

1. Om die gevaarlike struikelblok uit die pad te verwyder vir die eenvoudiges en ongeleerdes, sodat niemand probeer om die hemel met werke te koop of verdien nie.
2. Om – sover moontlik – alle redes vir lasterpraat uit jaloerse gedagtes en kwaadwillige tale te verwyder, asof goeie werke verwerp word.

## Vas

Hierdie goeie werk waaroor ons gaan handel, is Vas. Daar twee tipe vas in die Skrifte te vind. Die een is uiterlik, wat betrekking het op die liggaam, die ander innerlik, in die hart en gedagte. Hierdie uiterlike Vas beteken om te weerhou van liggamlike voedsel: Eet nie kos nie, drink nie drank nie en geniet nie die smaaklike vreugdes en genot wat die wêreld bied nie. Wanneer hierdie uiterlike Vas betrekking het op een bepaalde man of 'n paar, en nie die hele aantal mense nie (vir redes wat later genoem sal word) dan word dit 'n privaatvas genoem. As die hele menigte van mans, vroue en kinders, in 'n dorpie of stad – of selfs die hele land – vas, dan word dit 'n openbare vas genoem. So 'n vas was dit wat die al die kinders van Israel beveel is om die tiende dag van die sewende maand te hou. Die Almagtige GOD het daardie dag aangewys as 'n reinigingsdag, 'n versoeningsdag[1], 'n dag waarop die mense van hulle sondes gesuiwer word. Die manier waarop dit gedoen is, is geskryf in Levitikus hoofstuk 16 en 23 (Levitikus 16:29-30, 23:27-32).

Op daardie dag het die mense getreur, gerou, gehuil, en gekla oor hul sondes. Enigiemand wat op daardie dag nie sy siel verneder het deur sy sondes te betreur terwyl hy van alle liggaamlike voedsel tot die aand weerhou het nie, sê die almagtige GOD, sou daardie siel van sy volk vernietig word.

Ons lees nêrens dat Moses deur wetbevel enige dae van openbare vas ingestel het, as daardie een dag nie. Nietemin het die Jode meer dae van gesamentlike vas gehad. Die Profeet Sagaria noem dit die Vas van die vierde, vyfde, sewende, en die tiende maand (Sagaria 8:19).

Maar omdat dit nie in die Wet verskyn wanneer die ander dae ingestel is nie, kan ons aflei dat daardie ander vasdae (anders as die vas van die sewende maand) deur die leiers van die Jode ingestel is, uit godsdiensoortuiging, eerder as deur 'n uitdruklike bevel van GOD. Met die instelling van die algemene vas, het goeie mense geleentheid gebruik om vir hulleself persoonlike vastydperke in te stel, op tye wanneer hulle óf ernstig hul sonde-lewens betreur en beween, óf hulle tot meer vurige gebed toewy, sodat dit GOD bevredig en Hy sy toorn van hulle kan afkeer. Dit het gebeur wanneer hulle gewaarsku en tot oorweging gebring is deur die prediking van die Profete, of wanneer hulle voel hulle is 'n gevaar van 'n slegte uitkoms.

[1] Versoen: Vrede, vriendskap herstel, verenig

Hierdie hartseer, saam met vas, het hulle soms uitgedruk deur hul uiterlike gedrag en bewegings. Hulle het goiingsakklere aangetrek, hulself met as en stof besprinkel, en op die grond gesit of gelê. Wanneer goeie mense die swaar las van sonde in hulself voel, die verdoemenis daarvan sien, en met die oog van hul gedagtes die gruwel van die hel aanskou, beef hulle, hulle skud, en word binne-in geraak deur hartseer oor hul oortredings. Hulle kan nie anders as om hulleself te beskuldig, hierdie smart aan die Almagtige GOD te openbaar, en Hom om genade te smeek nie. Nadat dit ernstig gedoen is, is hul gedagtes so besig – deels met hartseer en swaarmoedigheid, deels met 'n ernstige begeerte om bevry te word van hierdie gevaar van die hel en verdoemenis – dat alle begeerte na kos en drank opsy gesit word, en afsku van alle Aardse dinge, sodat niks hulle dan meer behaag nie, as om te huil, te weeklaag, te treur en met woorde en bewegings hulle moedeloosheid van hierdie lewe te wys.

Figuur SEQ Figuur * ARABIC 2: Goiingsakklere ("sackcloth")

## Voorbeelde van Vas

So het Dawid gevas en gebid by die Almagtige GOD, vir die lewe van die kind, wat in owerspel tussen hom en Batséba, verwek is. Koning Agab het gevas toe hy berou gehad het oor die moord op Nabot en sy eie sonde betreur het. Die inwoners van Ninevé het gevas, nadat hulle tot berou gekom het deur Jona se preke. Toe 40 000 Israeliete in 'n geveg teen die Benjaminiete gesneuwel het, sê die Skrif: "Al die Israeliete, ja, al die manskappe, het opgetrek en by Bet-El aangekom. Hulle het getreur en daar voor die Here gebly. Daardie dag het hulle tot die aand toe gevas en brandoffers en maaltydoffers voor die Here gebring" (Rigters 20:26). So het Daniël, Ester, Nehemia en baie ander in die Ou Testament ook gevas.

Maar as iemand sê, "Dit is waar, hulle het wel gevas, maar ons is nou nie onder die juk van die wet nie. Ons is vrygestel deur die vryheid van die Evangelie. Daarom bind daardie rituele en gewoontes van die ou wet ons nie, tensy dit deur die Skrifte van die Nuwe Testament bewys kan word, of deur voorbeelde daaruit. Die vas onder die Evangelie is 'n beperking van kos, drank, alle liggaamlike voedsel en begeertes van die liggaam."

Figuur SEQ Figuur * ARABIC 3: 'n Juk

Eerstens, dat ons moet vas, is 'n waarheid wat baie duideliker is as wat nodig is om hier te bewys. Die Skrifte wat dit leer, is duidelik. Die vraag is dus, "Wanneer ons vas, moet ons onself weerhou van *alle* kos en drank gedurende die tydperk, of nie?"

Ons moet, ons dit kan ons aflei deur te kyk na die vraag wat die Fariseërs aan Christus gestel het, en deur Sy antwoord daarop:
'Die mense het vir Hom gesê: "Johannes se dissipels vas en bid gereeld, en die Fariseërs se dissipels ook, maar u dissipels eet en drink maar voort."' (Lukas 5:33).

In hierdie glinsterende vraag stel hulle subtiel die argument: "Die wie nie vas nie is nie van GOD nie. Want vas en gebed is werke wat deur GOD in sy Skrifte voorgestel en beveel word. Alle goeie mense, vanaf Moses tot hierdie tyd, sowel die Profete as ander, het hulself in hierdie werke geoefen. Johannes en sy dissipels vas ook dikwels vandag, en bid baie. Ons, die Fariseërs, vas ook gereeld. Maar jou dissipels vas glad nie – en as Jy dit wil ontken, kan ons dit maklik bewys: Wie ook al eet en drink, vas nie. Jou dissipels eet en drink, daarom vas hulle nie. Hiervan maak ons die gevolgtrekking dat Jy en jou dissipels nie van GOD is nie."
'Jesus het hulle geantwoord: "Julle kan tog nie die bruilofsgaste laat vas terwyl die bruidegom by hulle is nie? Maar daar kom 'n tyd wanneer die bruidegom van hulle weggeneem sal word. Dan, in daardie dae, sal hulle vas."' (Lukas 5:34-35).
Ons Redder, Christus, soos 'n goeie meester, verdedig die onskuld van sy dissipels teen die boosheid van die arrogante Fariseërs, en bewys dat sy dissipels nie skuldig is aan die oortreding van enige jota[2] van GOD se wet nie, alhoewel hulle op daardie oomblik vas, en in sy antwoord wys hy die Fariseërs tereg oor **bygelowigheid** en **onkunde**.

- **Bygelowigheid**, omdat hulle 'n godsdiens in hul dade plaas en heiligheid toeken aan die uiterlike werk wat verrig word, sonder om ag te slaan op waarvoor vas voorgeskryf is.

[2] Jota: die kleinste letter in die Griekse taal; Dis baie soos die letter 'i'.

- **Onkunde**, omdat hulle nie kon onderskei tussen die verskillende tye nie. Hulle het nie geweet dat daar 'n tyd van vreugde en vrolikheid is nie, en 'n tyd van rou en droefheid nie.

Albei leer hy in sy antwoord, wat later verder bespreek sal word wanneer ons wys watter tyd die mees geskik is om te vas.

Maar hier, geliefdes, moet ons opmerk dat ons Verlosser Christus, terwyl Hy sy antwoord op hul vraag gee, nie die vas van sy dissipels ontken het nie, maar dit erken het. Daarom stem Christus saam met die Fariseërs in die duidelike waarheid: dat wie eet en drink, nie vas nie. Vas dan, selfs met Christus se instemming, is om kos, drank, en alle natuurlike begeertes van die liggaam te weerhou vir die bepaalde tyd.

En dat dit in die vroeë Kerk gebruik is, blyk baie duidelik uit die Chalcedon-raad[3], een van die vier eerste algemene rade. Die vaders wat daar bymekaargekom het, sowat 630 mans, het beskou hoe aanvaarbaar vas vir GOD is wanneer dit volgens sy Woord gebruik word. Mense het verkeerde interpretasies bedink en leë woorde gebruik, wat tot misbruik in die Kerk gelei het. Daarom het hulle besluit om hierdie misbruik te hervorm. Hulle wou hierdie goeie en godvrugtige daad na die ware gebruik daarvan terug bring. Daardie raad het bepaal dat elke persoon, sowel in sy privaat as openbare vas, die hele dag sonder kos en drank moes volhou tot na die aandgebed. Enigiemand wat voor die aandgebed geëet of gedrink het, moes nie beskou word as iemand wat die suiwerheid van sy vas in ag neem nie. Hierdie reël leer so duidelik hoe vas in die vroeë Kerk toegepas is, dat dit met woorde nie meer duidelik uitgedruk kan word nie. Volgens die besluit van daardie 630 vaders, gebaseer op die heilige Skrifte, die langdurige gebruik van die Profete, ander vrome persone voor die koms van Christus, ook die Apostels en ander vurige manne in die Nuwe Testament is vas: Die weerhou van kos, drank en alle natuurlike voedsel van die liggaam vir 'n bepaalde tyd.

Dit als was gesê om duidelikheid te skep oor wat vas beteken.

## Regte Gebruik van Vas

Goeie werke is nie almal van dieselfde soort nie. Sommige is van hulleself en van hul eie aard altyd goed: soos om GOD bo alles lief te hê, jou naaste soos jouself lief te hê, jou vader en moeder te eer, die hoër magte te eer, aan elkeen te gee wat hom toekom, en sulke dinge. Daar is ander werke wat op hul eie, eintlik neutraal van aard is. Dit wil sê, nie goed of sleg nie, maar kry hul benaming van die gebruik of doel waarvoor hulle dien. Hierdie werke, as hulle 'n goeie doel dien, word goeie werke genoem, en is dit ook goeie werke, maar dit kom nie van hulleself nie, maar van die goeie doel waarna hulle verwys word. Aan die ander kant, as die doel wat hulle dien sleg is, is die werk ook sleg. Vas is een van hierdie werke, wat op sigself 'n ding is wat neutraal is, maar dit word beter of slegter deur die doel wat dit dien.

Om dan te vas met die oortuiging in die gemoed, dat ons vas en ons goeie werke ons volmaakte en regverdige mense kan maak, en uiteindelik ons na die hemel kan bring: dit

[3] Die Raad van Chalcedon was 'n belangrike gebeurtenis in die Christelike kerk. Dit was 'n ver- gadering van meer as 520 biskoppe in die stad Chalcedon in Turkye. Hulle het bymekaargekom om oor geloofsake te praat. Die doel was om te verseker dat mense die regte idees oor Jesus Christus het. Hulle het gesê dat Jesus beide GOD en mens is, en nie net een van die twee nie.

is 'n duiwelse oortuiging, en daardie vas is so ver van aangenaam vir GOD af, dat dit Sy genade weier, en heeltemal afbreuk doen aan die verdienste van Christus se dood en sy kosbare bloedvergieting.

Dit leer ons deur die gelykenis van die Fariseër en die Tollenaar: "Twee mense het opgegaan na die tempelterrein om te bid. Die een was 'n Fariseër en die ander 'n tollenaar. Die Fariseër het gaan staan en só oor homself gebid, 'GOD, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is, wat roof, onreg doen en egbreuk pleeg nie, en ook nie soos hierdie tollenaar nie. Ek vas twee keer per week, en ek gee 'n tiende van alles wat ek verdien.' Die tollenaar het egter op 'n afstand bly staan, en wou selfs nie eers na die hemel opkyk nie, maar het op sy bors geslaan en gesê, 'O GOD, wees my, die sondaar, genadig!'" (Lukas 18:10-13). In die persoon van hierdie Fariseër, stel ons Verlosser Christus aan die oog en die oordeel van die wêreld 'n perfekte, regverdige man voor. Iemand wat nie bevlek is met daardie ondeugde[4] waarvan mense gewoonlik besmet is nie: afpersing, omkoopery, berowing van hul naaste, rowers en plunderaars van die gemeenskap, listig en subtiel in hulle handelinge, gebruik van valse gewigte, en afskuwelike meineed in hul koop en verkoop, buite-egtelike verhoudings, egbreekery, en slegte lewens. Die Fariseër was nie so 'n mens nie, of skuldig aan enige sulke bekende misdrywe nie. Maar terwyl ander die wet oortree deur dinge ongedoen te laat wat die wet vereis het, het hierdie man meer gedoen as wat die wet vereis het. Want hy het drie keer per week gevas en tiendes gegee van alles wat hy gehad het. Waarvan kon die wêreld hierdie man blameer? Ja, wat kon nog meer uiterlik in hom wees om hom 'n meer volmaakte en regverdige man te maak? Werklik, niks volgens menslike oordeel nie. Tog gee ons Verlosser Christus die arme Tollenaar, sonder vas, hom die voorkeur. Die rede waarom Hy dit doen, is duidelik: Die tollenaar het geen goeie werke gehad om op te vertrou nie en het homself aan GOD oorgegee deur sy sondes te bely, en het gehoop om deur GOD se genade alleen gered te word. Die Fariseër het geroem en soveel vertroue in sy werke geplaas dat hy gedink het dat hy genoeg sonder genade is, en dat hy deur sy vas en ander dade die hemel sal binnegaan.

Hierdie gelykenis dien hierdie doel. Dit is vir diegene, wat op hulleself vertrou het dat hulle regverdig was en ander verag het, gespreek. Omdat die Fariseër sy werk met 'n slegte doel rig, wat deur hulle regverdiging najaag, wat eintlik die eie werk van GOD is, sonder ons verdienste, is sy vas twee keer per week en al sy ander werke, al was hulle nog soveel en al het dit vir die wêreld nog so goed en heilig gelyk, tog voor GOD is hulle in werklikheid heeltemal sleg en verfoeilik. Die doelwit wat die huigelaars[5] met hulle vas nastreef, is om heilig voor die wêreld te lyk en so lof en prys van mense te ontvang. Maar ons Verlosser Christus sê van hulle, hulle het hul beloning. Dit wil sê, hulle ontvang lof en prys van mense, maar van GOD kry hulle niks (Matteus 6:2).

Alles wat na 'n slegte einde lei, word self sleg gemaak deur daardie slegte einde. Verder, solank as ons goddeloosheid in ons harte behou en slegte gedagtes toelaat om daar te bly, al vas ons so dikwels soos bv. Paulus of Johannes die Doper, en hou ons dit so streng

---

[4] Ondeugde: 'n Slegte eienskap

[5] Huigelaar (of skynheilige persoon): Iemand wat hom anders, meestal beter, voordoen as wat hy is. Engels: *Hypocrite*

soos die Nineviete: tog sal dit nie net onprofytlik vir ons wees nie, maar ook 'n ding wat Almagtige GOD grootliks ontevrede maak. Want Hy sê dat Hy sulke vasbywonings afsku en haat. Hulle is 'n las vir Hom, en Hy is moeg daarvan om dit te dra (Jesaja 1:13-14). Daarom veroordeel Hy hulle skerp, en deur die profeet Jesaja sê Hy: "Kyk, wanneer julle vas, bly julle begeertes nog steeds; want doen julle nie minder geweld aan julle skuldeisers nie. Kyk, julle vas vir twis en debat, en om met die vuil van onreg te slaan. Julle moet so nie vas nie, om julle stem bo te laat weerklink. Dink julle dat hierdie vas My behaag, dat 'n mens homself vir 'n dag moet kasty? Is dit 'n vas, of 'n dag wat die Here behaag?" (Jesaja 58:3-5).

## Gevolgtrekking

Geliefdes, aangesien Almagtige GOD nie ons vas vir die doel van werk toelaat nie, maar hoofsaaklik ons hart beskou en beoordeel hoe dit geraak is, en dan ons vas as goed of sleg ag volgens die doel wat dit dien: is dit ons plig om ons harte te skeur, en nie ons klere nie soos die profeet Joël ons waarsku; dit beteken dat ons droefheid en rou binne in die hart moet wees, en nie net uiterlik skyn nie (Joël 2:12-13). Dit is nodig dat ons eers ons harte van sonde reinig, en dan ons vas rig na 'n doel wat GOD goedkeur. Daar is drie doelwitte waarna ons vas kan rig, wat dan 'n werk is wat voordelig vir ons is en deur GOD aanvaar word:

1. **Om die vlees te straf, sodat dit nie te wulpse[6] word nie**. Tem die vlees en bring dit in onderwerping tot die gees. Vir hierdie rede het Paulus gevas, toe hy sê: "Maar ek dissiplineer my liggaam en maak dit diensbaar, sodat ek nie, terwyl ek vir ander gepreek het, dalk self gediskwalifiseer word nie." (1 Korintiërs 9:27).
2. **Sodat die gees meer ernstig en vurig in gebed kan tree**. Vir hierdie doel het die Profete en onderwysers – wat in Antiogië was – gevas voordat hulle Paulus en Barnabas uitgestuur het om die evangelie te verkondig (Handelinge 13:2-3). Dieselfde twee Apostels het ook vir soortgelyke doeleindes gevas, toe hulle deur ernstige gebede die gemeentes van Antiogië, Pisidië, Ikonium en Listra aan GOD aanbeveel het, soos ons in Handele lees (Handelinge 14:21-23).
3. **Sodat ons vas 'n geloofsbeleid en getuienis** – van ons nederige onderwerping aan Sy hoë majesteit – **saam met ons voor GOD is**, wanneer ons ons sondes aan hom bely en erken, en innerlik geraak word deur hartseer, wat ons in die lyding van ons liggame betreur.

Dit is die drie doelwitte, of regte gebruik van vas. Die eerste behoort mees toepaslik tot 'n privaat vas en die ander twee pas by beide openbare en privaat vas.

Dit is al vir die gebruik van vas.

[6] Wulpse: Speels, vrolik, ligsinnig – In hierdie konteks verwys dit dat jy nie jou lewe of aksies ernstig genoeg opneem nie.

## Gebed

Here, hê genade met ons en gee ons krag. Help ons om vrugte van die Gees voort te bring. Laat dit tot U eer wees en ons vertroos. Na hierdie lewe, laat ons vir ewig saam met U wees in u koninkryk. Ons verdien dit nie deur ons eie werke nie, maar deur U genade en die verdienste van Jesus Christus. Amen.